

23 September

Skrifgedeelte: Jesaja 48:1-11

Fokusgedeelte: Jesaja 48:11

God gee sy eer aan geen ander nie

Hier vind ons die belofte van die volk se terugkeer uit die ballingskap. Die Here openbaar aan die volk dat hulle redding veranker is in Wie God self is. God is die een wat sy eer aan geen ander gee nie, Hy laat sy Naam nie ontheilig nie. Daarom sal Hy ter wille van sy eer sy volk red en weer terugbring. Die verbond bly bestaan omdat God verheerlik en geëer wil word deur sy volk se terugkeer. Die volk van die Nuwe Testament keer ook terug – na die beloofde land, die nuwe aarde. Die sekerheid van ons terugkeer lê ook daarin dat God sy eer aan geen ander gee nie. Die sterwe en opstanding van Jesus Christus is die duidelikste openbaring dat God sy eer aan geen ander gee nie, al kos dit die lyding en sterwe van die Seun van God. God gee nie sy skepping en sy volk aan Satan en die magte van die duisternis oor nie. God gee nie die eer aan die bose nie, maar Hy neem dit wat aan Hom behoort terug en maak dit weer nuut. As ek as gelowige my lewe ondersoek, sien ek dikwels dat my heiligmaking van die pad afloop en ek word pynlik bewus van my kleingeloof, my twyfel, my onkunde oor die Woord en my ongehoorsaamheid. As ek hierdie gebreke in my sien, kan ek nie anders as om onseker te wees oor my terugkeer na die nuwe aarde toe nie. Sien ek egter God se eer, kom daar sekerheid. My erfdeel op die nuwe aarde is veranker in God wat sy eer aan geen ander gee nie. Hy oorwin Satan en my sonde volkome ter wille van sy eer. Om sy Naam ontwil sal ek vir ewig saam met Hom regeer en sy Naam op my voorhoof hê. “Om my ontwil, om My ontwil sal ek dit doen,” sê die Here. Daar kan geen groter sekerheid as die woorde wees nie!

Sing: Psalm 68:1, 15 Ds RA Bain (Potgietersrus-Wes)